

Maandag 6 September

Skrifgedeelte: Titus 1, Markus
7:1-23

Fokusgedeelte: Titus 1:13-16

Bepaal jou slegs by die onderrig in die waarheid, want God sál die ewige lewe gee

Die prediking van die apostels en Woordbedienaars moet die waarheid bekendmaak (1:3). Die uitverkorenes van God moet gelei word tot geloof en die kennis van die waarheid. Hierdie waarheid bemagtig die gelowiges tot 'n lewe in diens van God, en hulle word verseker van die ewige lewe, want God het dit beloof en Hy hou sy Woord (vs 1, 2). Die waarheid is: Jesus Christus het ons verlos tot ewige lewe en ons met God versoen. Nou sal ons God se belofte ontvang. Die grootste wonder, genade en troos denkbaar!

Vals leraars wil vir eie gewin ons daarvan ontnem (sien gister se dagstukkies). Maar dit is nie net vals leraars wat die gevaar is nie. Titus moes die gelowiges, lidmate, in Kreta vermaan, “streng tereg wys”, sodat hulle gesond kon word in die geloof. Sodra jy van die waarheid afdwaal, is jou geloof siek. Die gelowiges het hulle begin besighou met die Joodse verdigings van die vals leraars, 'n tipe dwaalleraar wat voorgeskryf het dat die Joodse wette ook vir die Christene geld. Die leer van die waarheid, die evangelie, kom van God, maar hierdie is voorskrifte van mense. Ons lei af dat dit gegaan het oor dinge wat onrein is en jou onrein kan maak. Die onderrig van die waarheid is dat dit wat in jou hart aangaan, jou onrein maak, glad nie iets waaraan jy raak of wat jy eet nie. Jou hart bepaal of jy dit reg gebruik of misbruik, rein of onrein.

Ons moet besef dat ons nie willose slagoffers van enige tipe dwaalleraar is nie. As ons ons daarmee wil besighou, loop ons op 'n gevaarlike pad langs die waarheid. In Paulus se woorde in Kolossense 2:20-23: Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdienste, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die betueling van die sondige drifte nie. Intendeel, dit stel ons onvergelykbare genade en troos in Jesus Christus op die spel. Voorgee dat jy God dien, maar inderwaarheid 'n ander pad loop, verklaar jou as “verfoeilik en koppig” en dat jy “deug vir geen goeie werk nie” (vs 16). Nee, ons sal ons nie langer daarmee besighou nie! God hou sy woord: Hy sal in Jesus Christus alleen vir ons die ewige lewe gee. *Sing: Skrifberyming 2-4:1-3; 18-6 (veral 1, 5); 18-7:1, 12; Lied 255:1*
Ds. J Malan (Jan) (Emeritus)